# Die Kruin-o-gram

10 Januarie 2021 - Uitgawe 02

## Die plek van die Heilige Gees | Handelinge 19:1-10

**Die struktuur van Handelinge**

A. Die proloog (1:1-2)
B. Die uitstorting van die Gees (1:3-26)
C. Getuienis in Jerusalem (2:1-7:60)
D. Getuienis in Judea en Samaria (8:1-11:18)
E. Getuienis tot die uithoeke van die aarde (11:19-28:31)

Die meerderheid van akademici verstaan Handelinge as die belangrikste boek in die Nuwe Testament. Die belang van die boek word gesien waar Handelinge geplaas word in die Nuwe Testament; na die evangelies en voor die briewe van Paulus. Dit vertel van die oorsprong van die Christelike beweging, hoe die eerste gelowiges die goeie nuus geleef het. Dit beskryf die boodskap en die bediening en die lewens van die eerste Christene - dit sluit hulle oorwinnings, beproewinge en die bron van hulle krag in. Enige gelowige wat wil weet hoe om ‘n dissipel, ‘n volgeling van Christus, te wees, moet Handelinge lees. Robert E. Coleman doop Handelinge as “*The master plan of discipleship*.” Nogmeer is Handelinge ‘n inspirerende boek. Martyn Lloyd-Jones skryf: “*Live in that book, I exhort you: it is a tonic, the greatest tonic I know in the realm of the Spirit*.” Om Handelinge te verstaan moet ons egter bewus wees van ‘n paar feite.

Die skrywer van die boek Handelinge is dieselfde skrywer as die evangelie van Lukas; Lukas. Dus as ons Lukas se verstaan van die evangelie wil hê moet ons albei Lukas en Handelinge lees.

Handelinge raak aan verskeie teologiese temas wat ons moet raak sien wanneer ons die boek lees. Die twee hooftemas van die boek 1) is die Heilige Gees en 2) om te getuig. Die volgelinge van Jesus kan slegs getuies van Jesus word wanneer die Heilige Gees oor hulle kom. Eers daarna kan hulle die goeie nuus uitdra vanaf Jerusalem, dan na Judea en Samaria, wat uitvloei na die res van die wêreld. In hierdie beweging sien ons dan die krag van die Heilige Gees. In die eerste hoofstuk word die belofte van die Heilige Gees gegee, in die tweede hoofstuk word die Gees uitgestort en dan vertel die res van die boek van die werk van die Gees in en deur die kerk. Ander temas sluit in die belang van die evangelie, die gemeenskap, onderwys, gebed, die wettige status van Christenskap, die Joodse reaksie op die evangelie en die soewereiniteit van God.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
    a. Hoe is die vakansie vir jou tot dusver?
    b. Wat doen jy om jouself besig te hou?

2. Na God
    a. Lees Handelinge 19:1-10
    b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
    c. Wat is die Heilige Gees?
    d. Hoe kan die Heilige Gees jou help?


3. Na mense
    a. Soek vir die werk van die Heilige Gees hierdie week.

# Om jou te help

Kyk die video van 'The Bible Project' om so bietjie meer van Handelinge te leer.

Deel 1: https://youtu.be/CGbNw855ksw

Deel 2: https://youtu.be/Z-17KxpjL0Q





# Handelinge

Hierdie week se teksgedeelte staan in Handelinge 19:1-10. Gaan lees die gedeelte saam met mamma en pappa. Vandag fokus ons nie op die teks spesifiek nie, maar eerder op die hele boek Handelinge. Ons gaan bietjie meer leer oor Handelinge deur 'n paar vrae te beantwoord. Vra vir iemand om jou daarmee te help as jy miskien sukkel. Meeste van die antwoorde kan jy sommer in die Kruin-o-gram kry. Die res sal jy in jou Bybel kry, maar daar is ook 'n vraag waar jy self die antwoord moet uitdink. 

## Beantwoord nou die volgende vrae:

1. Is die boek Handelinge in die Ou Testament of in die Nuwe Testament?
2. Wie het Handelinge geskryf?
3. Watter boek in die Bybel is ook deur hierdie persoon geskryf?
4. Van watter man lees ons baie in Handelinge?
5. Watter boeke in die Bybel het hy geskryf (ons noem dit die briewe wat hy geskryf het)?
6. Wat is die twee hooftemas in Handelinge?
7. Hoe dink jy help die Heilige Gees ons?
8. Wat beteken die woord getuienis? (Jy kan dit sommer in 'n woordeboek opsoek.)
9. Wat beteken dit dan vir ons, as Christene, om te getuig?
10. Hoe kan jy getuig by die skool en tussen jou maats?



Jy kan nou die prentjie van Paulus inkleur.

## Verjaarsdae

### Sondag 03 Januarie

| | |
|---|---|
| Lene van der Merwe | 012 803 0050 |

### Maandag 04 Januarie

| | |
|---|---|
| Amiska Bezuidenhout | |
| Petrea du Toit | 071 471 2206 |
| Tersia Meintjies | |

### Dinsdag 05 Januarie

| | |
|---|---|
| Zander de Klerk | 082 460 4221 |
| Rhegard Harding | 012 804 1442 |
| Phillip Olivier | 012 804 3512 |

### Woensdag 06 Januarie

| | |
|---|---|
| Lina Kapp | 012 804 0852 |
| Dinah Sans | 072 598 0411 |

### Donderdag 14 Januarie

| | |
|---|---|
| Zaydian Oosthuizen | 082 375 3879 |
| Xanthe van Zyl | 081 562 3909 |

### Vrydag 08 Januarie

| | |
|---|---|
| George Cant | 083 279 1615 |
| Ernst Janse van Rensburg | |
| Gys Mouton | 012 804 0769 |
| Hendrik van der Merwe | 073 592 3975 |

### Saterdag 09 Januarie

| | |
|---|---|
| Gerhard Delport | 073 918 6579 |
| Helet du Toit | 082 820 0343 |
| Sune Meyer | 012 804 9171 |
| Lian Steyn | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina
Rita Pieters - Yvonne Lombard

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie - Marc Barclay - Jana Barclay
Koos Bothma - Sarie Bothma - Henriette Roux se moeder

**OPERASIES**
Sonia-Marié Kleynhans - Francois Booyse
Alana Jacobs - Johan Van Wyk - Richard van Tonder

**GEBOORTES**
Beyers en Liezel Slabbert, Izabella Slabbert

**SWANGERSKAPPE**
Runé en Eckard Erasmus

**ONS BID OOK VIR**
ons gesondheidswerkers en almal wat geaffekteer is deur Covid-19

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™

## Kry ons Toep

vir

1. Die nuutste gebeure in ons gemeente
2. Al ons Eredienste, Bybelstudies en Kategese material
3. Om meer inligting te bekom oor huwelike, dope en begrafnisse

